

Gebedsprogram 12 September 2021

- Tydens die afgelope gemeentebepanning het die predikante deur die boek Filippense gewerk as leiding uit die Skrif vir hulle beplanning. Filippense 2:11 gaan as ons fokusteks vir 2022 dien.
- **Fil. 2:11** 'En elke tong sou erken: "Jesus Christus is die Here!" tot eer van God die Vader.'
- **Gebedsversoeke** kan gestuur word aan mmpretorius3@gmail.com.
- **Gebedsnoodlyn** - 084 619 2816. Stuur 'n boodskap indien daar behoefte is aan gebed.
- **Zoom-gebedsgeleentheid:** Skakel elke 2de week in by ons Zoom-gebedsgeleentheid. Kontak ds Wouter vir die Zoom-skakel.
- **Bid as gemeente saam:** Gebruik meegaande riglyne om as gemeente die week saam te bid.

Ons dank en loof die Here ...

- vir die jaarlikse gemeentebepanning waarop die predikante was die afgelope week.

Ons doen voorbidding vir ...

Die Gemeente:

- dat dit wat by die gemeentebepanning die afgelope week gedoen is, neerslag sal vind in die gemeente
- die aanstellingsproses vir iemand in die vakante pos van musiek en multi-media
- die matrikulante wat met hulle rekordeksamen besig is
- mense wat siek is, gebroke huwelike en verhoudings, mense wat sonder werk is en geliefdes aan die dood afgestaan het of enige vorm van hartseer en uitdagings beleef.

Die gemeenskap

- die voortslepende effek en invloed wat die Corona pandemie het op die verskillende fasette van die gemeenskap bv. noodsaaklike dienste, skole, ekonomie, ens.

Die breë kerk

12 September is Biddag vir Leprose (Melaatsheid) en Bediening aan Jode:

- Bid vir mense met melaatsheid asook die uitdagings wat hulle families beleef.
- Bid vir die Bediening aan Melaatses.
- Bid vir Messiaanse Jode vir geloofsversterking en vir hul getuienis teenoor hul Joodse familie en vriende.
- Bid vir die Joodse gemeenskap wat op die Groot Versoendag (Joom Kippoer) in die komende week tot God nader – dat hulle die Verlosser en Messias Jesus sal ontmoet.
- Bid vir die bediening en getuienisse deur Christene aan Jode, asook die Simcha Bediening aan Jode wat deur Jeanie de Wet in Kaapstad en omgewing behartig word.

Dankie vir jou getroue voorbidding!